# Verhoudingsleier: Westelike Streek

**Hoofkantoor – Wes-Kaap (Bellville)**

**Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) is ’n maatskappy sonder winsoogmerk wat sedert 1820 die Bybel vertaal, publiseer en versprei in Suid-Afrika. Die missie van die BSA is om bekostigbare Bybels te voorsien vir elkeen in hul eie taal en in geskikte formate sodat almal die lewegewende boodskap van die Woord mag ervaar.**

Die bogenoemde voltydse pos by die BSA vereis ’n kandidaat wat teologiese gesag kombineer met senior leierskap, gemeenskapsbetrokkenheid, en die vermoë om volhoubare inisiatiewe te dryf.
Die Verhoudingsleier is verantwoordelik om die BSA se strategie in die spesifieke streek te dryf om te verseker dat volhoubare verhoudings gebou word met donateurs, kerkgenootskappe en Christelike organisasies in die streek. Die posbekleër sal in samewerking met alle kerkgenootskappe Bybelverspreiding in die streek fasiliteer. Daar word van die posbekleër verwag om innoverende fondsinsamelingsinisiatiewe te ontwikkel en daarby betrokke te wees, sodat die BSA effektief bemark word om ondersteuning en befondsing van sleuteldonateurs te verkry om die Bybel beskikbaar te stel. Die posbekleër sal ook verantwoordelik wees vir die bestuur en evaluering van die streek se personeel, asook vir die bestuur van streekkomitees. Die monitering en uitbreiding van die donateursbasis vorm ook deel van hierdie rol.

**Vereistes:**
- Relevante teologiese kwalifikasie (verkieslik ’n gelegitimeerde predikant van die NG Kerk vir hierdie omgewing); – minimum van 7–10 jaar se bedieningsondervinding
- ’n minimum van 10 jaar se leierskapservaring binne die kerk en die breër gemeenskap, met bewese invloed en pastorale sorg
- Besigheidservaring sal voordelig wees
- ’n minimum van 5–7 jaar se bewese ervaring in fondswerwingsstrategieë en bemarkingsmetodes om groei, uitreik en finansiële bestuur te ondersteun
- Handhawing van die belydenis dat die Bybel die Woord van God is
- Begrip en kennis van kerklike omgewing en gemeenskap

**Bevoegdhede:**
- Ekumeniese ingesteldheid
- Sakevernuf
- Samewerkingsvaardighede
- Verhoudingsbou
- Sterk kommunikasievaardighede in Afrikaans en Engels
- Sterk Leierskap
- Vermoë om met mense van verskillende agtergronde te werk
- Sterk aanpasbaarheid
- Vermoë om ander te motiveer

**Vaardighede:**
- Prediking en Openbare redevoering
- Fondsinsamelingsvaardighede
- Onderhandelingsvaardighede
- Bemarkingvaardighede
- Bestuursvaardigthede
- Interpersoonlike vaardighede
- Beplannings- en organiseringsvaardighede

**Vrywaring:**
Deur vir hierdie posisie aansoek te doen en jou CV in te dien, bevestig jy dat jy jou persoonlike inligting vrywillig verskaf het en dat die inligting volledig, akkuraat en op datum is, in ooreenstemming met die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 4 van 2013 (POPIA).

Jy gee hiermee die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) toestemming om jou persoonlike inligting te verwerk vir die doel van werwing en keuring. Jy gee verder toestemming dat die BSA jou persoonlike inligting mag behou op sy databasis vir oorweging van toekomstige werksgeleenthede.

**24 April 2026**

Indien jy teen 30 April 2026 niks van ons gehoor het nie, beskou asseblief jou aansoek as onsuksesvol.

Stuur aan recruitment@biblesociety.co.za